Die Leë Graf.

En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie. En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere.
Lukas 24: 3-4

Lees Lukas 23: 50-56
24: 1-12

Dit gebeur dikwels dat die lewe ’n mens verslae laat staan. Soms vol dit asof daar niks meer is wat sinvol is nie en dat die een skokkende gebeure na die ander op jou afstorm – die radio, koerante en televisie skreeu dit uit: moord, korrupsie, diefstal en ander onaangename gebeure. Selfs in jou persoonlike lewe is daar gebeure wat jou verleë en verslae laat.
Dit was ook die gevoel wat hierdie groepie vroue by Jesus se graf beetgepak het. Hulle is op pad na Jesus se graf, verward en verslae. Van hulle vroeëre geloof het daar maar min oorgebly, net ’n paar herinneringe. Met swaar harte stap die vroue na die graf, die tekens van ongeloof in hulle hande. Hulle is op pad na die graf met wierook en mirre in die hand, gereed om ’n dooie liggaam te balsem en dan vir ewig in die graf te los. Vir hulle was Jesus dood, onverbiddelik, onherroeplik dood.
Daar het sekerlik ook ’n hele klomp verwyte in hulle harte gedraai. Daar was soveel dinge wat hulle nog vir Hom wou doen, maar nou is dit te laat. Hulle het die geleenthede wat hulle gehad het toe Jesus in hulle midde was nie benut nie en nou loop hulle met die stille selfverwyt: “Ag, het ek tog maar meer gedoen toe ek die geleentheid gehad het!”
Toe hulle by die graf kom en dit leeg vind, was hulle opnuut weer ontsteld. Nog ’n geleentheid is hulle ontneem om aan Jesus, wel ’n dooie Jesus, eer te bewys. Die liggaam was weg! Die unieke boodskap van die leë graf het hulle op daardie oomblik nie verstaan nie. Die boodskap van die leë graf, naamlik dat Jesus opgestaan het en dat daar weer hoop vir die wêreld is, het hulle nie verstaan nie. In hulle ontsteltenis het hulle nie verstaan dat die leë graf getuig van nuwe lewe en nuwe geleenthede nie.

1. **Die leë graf getuig van nuwe geleenthede**.

Kom ons kyk terug na die gebeure net voor en gedurende die kruisiging. Jesus se dissipels het, vir sover as wat ons kan aflei, van ver af gevolg. Hulle was skrikkerig en bang. Hulle word nie tydens Jesus se verhoor genoem nie en slegs enkeles word gedurende die kruisiging genoem. Petrus en Johannes word genoem, maar die afleiding kan gemaak word dat hulle so vreesbevange was, dat hulle nie kans gesien het om as volgelinge van Jesus herken te word nie. Daar word valse getuienis teen Jesus ingebring, mense verloën hom en verraai hom, maar sy volgelinge bly stil.
Ja, daar by die leë graf was daar verslae mense met die pyn van ontrouheid en versuim in die harte. Hulle het Jesus gefaal!
Hoe dikwels is ons nie ook soos die dissipels nie? Ons volg net van ver af en ons swyg so maklik as ons moet praat! Die brandende vuur van ywer om vir Jesus te werk en Hom te volg waar Hy ook lei, is nie eers meer ’n vlammetjie nie. Ons is uitgeblus, bang skrikkerig en onseker. Die wêreld maak ons bang en ons tree op asof ons ’n leë graf gaan besoek.

Met Jesus se opstanding kry die dissipels ’n geleentheid om weer reg te maak waar hulle verbrou het. Hulle kry ’n geleentheid om van ver af terug te kom tot digby Jesus. Bo alles kry hulle weer die geleentheid om te getuig en onverskrokke te staan voor die aangesig van die wêreld.
Kyk net na Petrus, die manmoedige, altyd die eerste om sy trou te bewys, altyd reg om beloftes te maak wat hy nie kon nakom nie. Hy het sonder huiwering gesê: “Here, ek sal u nooit verlaat nie”. Hy was die man wat sy swaard gegryp het om Jesus sogenaamd te verdedig. Hy was ook die man wat gesê het: “Ek ken Hom nie”. Drie maal het hy dit gesê en nou kry hy weer die geleentheid om te sê: “Here U weet alles, U weer dat ek U liefhet”.
Ons dank die Here dat ons geleenthede nog nie verby is nie, dat ons nou weer geleentheid kry om die Lewende Heiland van naby te volg. Ons kry opnuut weer die geleentheid om te sê: “Here U ken my deur en deur, U weet dat ek U liefhet”.

2. Die leë graf getuig van lewe.
’n Graf is altyd getuienis van die dood. ’n Graf getuig altyd van ’n afgestorwe mens en van verlore geleenthede. Die dood is onherroeplik, onomkeerbaar. Daar is nou nie meer geleentheid om vir oulaas liefde te betuig of jammer die sê nie. Die graf sê dat dit nou te laat is. Dit getuig van ’n lewe wat verby is. Die boodskap van die graf in die tuin van Josef van Arimathea het egter ’n ander boodskap gehad. Hierdie graf was leeg! Daar was geen liggaam, geen dooie in nie. Die graf het getuig van Jesus wat opgestaan het – Hy leef!
Dit is juis hierdie boodskap, hierdie getuienis van die leë graf wat die boodskap van die Christendom so uniek maak. Jesus was en is die enigste een wat die dood en graf oorwin het en opgestaan het. Die leë graf getuig daarvan dat Jesus sterker is as die dood. Die leë graf getuig daarvan dat Jesus se offer aan die kruis genoegsaam was om die volle straf van die sonde te dra. Die toorn van die Here oor sonde is afgewend en die ewige dood is oorwin. Daar is weer geleentheid vir lewe wat God behaag.
Watter aanslae die duiwel ook mag bedink, hier het hy verloor, hier is sy mag verbreek. Die koue dodelike houvas wat hy op menselewens gehad het, is vir ewig verbreek. Die opstanding van Jesus is juis die bevestiging daarvan dat Hy die dood, die vloek wat op die sonde rus, oorwin het. Die aanslag van die Antichris het gefaal. Jesus leef en daar is moontlikheid van nuwe lewe vir die mens.
Die feit dat Christus se liggaam nie in die graf was nie, bevestig dat Hy opgestaan het en leef, dat dit nie net ’n geestelike opstanding was nie, maar dat Jesus se liggaam opgestaan het en dat Hy leef. Daarom was dit ook nodig om sy liggaam aan die dissipels te toon, sodat hulle die heerlike boodskap van lewe kon verstaan en weet dat die liggaam ook sal leef. Hy wandel met hulle, Thomas kan die spykermerke sien en voel, hy kan weet dat die graf leeg is omdat Jesus leef. Die leë graf sê eenvoudig dit: Hier is nie dood nie maar lewe!

3. Die leë graf getuig van nuwe lewe.
Die leë graf gee aan die dissipels en ook aan ons meer as net ’n geleenthied om ekskuus te sê vir kleingelowigheid en ontrou. Deur sy opstanding kry ons ook deel aan die opstandingslewe. Ja, ons het die geregtigheid deelagtig geword deur sy dood en opstanding. Romeine 6 vers 4 sê dat ons saam met Hom begrawe is deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook in ’n nuwe lewe kan wandel.

Deur sy dood en opstanding word ons opgewek tot ’n nuwe lewe! Romeine 4 vers 25 stel dit duidelik : “Hy was oorgelewer ter wille van ons misdade, hy is opgewek ter wille van ons geregtigheid.” Al hierdie dinge, die kruis, die leë graf was ter wille van ons sondige mense. Daarom kan ons saam met Paulus uitroep: ek ellendige mens, wie sal my verlos van hierdie sondige liggaam? Ek dank God vir Jesus Christus.
Dit is baie belangrik om daarop te let dat Christus na sy menslike natuur aan die kruis gely het en dat sy menslike liggaam in die graf weggelê is. Dit is juis hierdie liggaam wat weer opgestaan het uit die dode en dit is vir ons so betekenisvol. Dit gee aan my liggaam ’n nuwe waardigheid. Nou is ek nie meer dood in die sonde nie maar my liggaam het ’n tempel van God geword! Nou versprei ons nie die geur van die dood tot die dood nie, maar die aangename geur van die nuwe lewe in Christus.
Die opstanding beteken ook dat ek, sondige mens, wat vasgevang was deur die mag van die sonde, weer ’n kans tot ’n nuwe lewe kry! Soos Adam ook geestelik gesterf het en ons saam met hom gesterf het, so word ons weer in Christus opgewek. Ons is nou nuwe skepsels in Christus, nie meer doemwaardig nie, maar ons leef nou in gemeenskap met God die Vader – in ’n opstandingslewe as weergeborenes!
Dit is asof die poorte van die paradys weer oopgegaan het. Ons vlug nie meer nie, ons kruip nou nie meer weg soos Adam omdat ons bang vir die Here is nie, nou hardloop ons na Hom toe as ons Toevlug en Rots! Alles het in Christus verander, alles het nuut geword, ons leef nou in ’n nuwe geloofsgemeenskap. Die opstandingslewe in Christus gee aan ons die krag om nie langer die sonde te dien nie, maar om die Here gehoorsaam te wees. Nou kan ons saam met Paulus die dinge wat daarbo is soek, omdat ons nie meer leef nie, maar Christus in ons leef!

4. Die leë graf is ’n waarborg.
Baie mense wil nie die leë graf aanvaar nie omdat dit vir hulle ’n verleentheid is, ’n onwaarskynlikheid dat ’n dooie weer kan leef. Daarom laat hulle die geleentheid om te deel in ’n nuwe lewe onbenut. Terwyl hulle na moontlike verduidelikings soek waarom die graf leeg is, gryp hulle nie die oomblik aan om te deel in ’n nuwe lewe nie. Jesus moes begrawe word om weer te kan opstaan, om aan almal te wys dat Hy oorwin het. Die feit dat die graf leeg is, is juis ons waarborg dat Hy waarlik opgestaan het.
Dit was nodig dat die dissipels die leë graf kon sien en gedurende die dae voor sy Hemelvaart met Hom kon praat en verkeer. So het hulle sekerheid verkry. Jesus het geweet dat daar nog mense soos Thomas was wat gesukkel het om hierdie byna ongelooflike waarheid van die leë graf te glo; daarom gee Hy aan Thomas twee dinge as waarborg, die leë graf en die aanskoue van sy opgestane liggaam- die deurboorde hande en voete.
Dit is ook ons waarborg dat ons sekerlik sal opstaan. Jesus se graf was leeg omdat Hy ons vooruit gegaan het om vir ons die weg te baan. In Fillipense 3 vers 21 lees ons dat ook ons vernederde liggame sal verander om aan Hom gelykvormig te wees.
Het jy al hierdie waarborg jou eie gemaak?
Die leë graf getuig van Jesus se oorwinning oor sonde en dood. Dit skep vir ons sondige mense nuwe geleenthede om weer kinders van God te word. Dit waarborg vir ons dat hierdie heerlike waarheid seker en vas staan.
Wat beteken die leë graf vir jou? Is dit nog ’n verleentheid, omdat jy nie weet wat om daarmee te maak nie?
Die leë graf is geleentheid en waarborg. Benut die geleentheid en skud alle onsekerheid af. Jesus leef en ons met Hom!

Ds Freddie Burger.